SABBATSKOOL-
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

4 TEENSWOORDIGE WAARHEID IN DEUTERONÓMIUM

Inhoudsopgawe

1 **Inleiding tot Deuteronómium**—*25 September-1 Oktober* — *4*

2 **Moses se geskiedenisles**—*2-8 Oktober* — *12*

3 **Die ewige verbond** — *9 - 15 Oktober* — *20*

4 **Om die Here jou God lief te hê** *16-22 Oktober* — *28*

5 **Die vreemdeling in jou land**— *23-29 Oktober* — *36*

6 **Want watter groot nasie is daar?**— *30 Oktober-5 November* — *44*

7 **Wet en genade**— *6-12 November* — *52*

8 **Kies om te leef**— *13-19 November* — *60*

9 **Verander hulle harte**— *20-26 November* — *68*

10 **Dink daaraan, onthou dit**— *27 November-3 Desember* — *76*

11 **Deuteronómium in later geskrifte**— *4-10 Desember* — *84*

12 **Deuteronómium in die Nuwe Testament**— *11-17 Desember* — *92*

13 **Die opstanding van Moses**— *18-24 Desember* — *100*

Redakteurskantoor
12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904, U.S.A.

Besoek gerus ons webwerf by:
http://www.absg.adventist.org.

Hoofbydraes
Clifford R. Goldstein

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder
Tricia Wegh

Illustrasie en Ontwerp
Lars Justinen

© Alle kopieregte 2021 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (Derde Kwartaal) mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegidse staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die Bybelstudiegidse. Die Bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad, en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie.

Bybelaanhalings en/of –vertalings
Tensy anders vermeld word, word die Skrifverwysings in die Bybelstudiegids vir die Vierde Kwartaal 2021 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal:
AOV. Die Bybel, 1933, 1953, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en word met toestemming en voorbehoud van alle regte gebruik.

Die Boek van die Verbond: Deuteronómium

Die verhaal lees so: Gedurende die bewind van Koning Josía in Jerusalem (640-609 v.C.), het iemand wat waarskynlik in die tempel gewerk het 'n afskrif van 'n boek ontdek, en die boek was toe aan Koning Josía voorgelees. "En toe die koning die woorde van die wetboek hoor, het hy sy klere geskeur;" *(II Konings 22:11)*. Waarom? Want hy het besef dat hy en sy volk nie gehoorsaam was aan dit wat in die boek geskryf was nie.

Toe het Josía 'n groot hervorming, gegrond op wat in die "verbondsboek" *(II Konings 23:2)* geskrywe was, begin. Ons lees in II Konings 23 daarvan.

Watter boek het so 'n groot invloed op die koning en sy volk gehad? Daar word aanvaar dat dit die boek Deuteronómium was, die boek wat ons hierdie kwartaal gaan bestudeer.

Die vyfde en laaste boek van die Vyf Boeke van Moses, Deuteronómium – 'n naam wat van die Latynse woord *deuteronomium* afgelei word, en wat "tweede wet" beteken — kan soos volg opgesom word:

Nadat hulle Egipte verlaat het en nadat die Here 'n verbond met hulle by Sinai gesluit het, het die kinders van Israel — in plaas daarvan om reguit na Kanaän te gaan – vir 40 jaar in die woestyn rondgeswerf. Na die 40 jaar, toe die Hebreërs uiteindelik gereed was om die Beloofde Land binne te trek, het Moses d.m.v. 'n reeks toesprake met hulle

gespreek. Die kern van daardie toesprake was: *Julle gaan nou die Beloofde Land binne. Uiteindelik! Moenie vergeet wat die Here vir julle gedoen het nie, en moenie vergeet wat Hy van julle vra nie, om Hom met julle hele hart en siel lief te hê, en om daardie liefde te bewys deur al sy gebooie volgens die verbond wat Hy met julle gesluit het, na te kom.*

En, om die belangrikheid van die verbond te beklemtoon, het Moses die Tien Gebooie vir die volk herhaal, die wetlike fondament van hulle verbondsverpligtinge teenoor die Here wat Hy met hulle vaders ooreengekom het, en wat Hy nou weer herhaal het — op die grense van Kanaän.

Daarom vra ons: Kan daar ooreenkomste wees wat die kinders van Israel op die grens van die Beloofde Land moes onthou, en wat ons vandag, op die grens van die ewige Beloofde Land ('n beter land!), ook moet onthou.

Daarom is die onderwerp vir hierdie kwartaal "Teenswoordige Waarheid in die Boek Deuteronómium". En dit is waarna ons gaan kyk: teenswoordige waarheidsboodskappe uit God se woorde aan sy verbondsvolk.

Ons gaan na Deuteronómium vanuit 'n aktuele oogpunt kyk deur temas te bestudeer soos die ewige verbond, die wet en genade, wat dit beteken om God en jou naaste lief te hê, en die belangrikste een van almal – hoe die boek van Deuteronómium God se liefde weergee, wat op die kragtigste denkbare manier deur die dood van Jesus aan die kruis en deur sy opstanding, aan ons geopenbaar was.

Dit is gewis so dat daar 'n groot gaping van tyd - en kultuurverskille tussen die kerk van vandag en die kerk in die wildernis - bestaan. Maar, dit wat ons met hulle in gemeen het, kan dalk meer wees as dit wat ons van hulle skei. Byvoorbeeld, word die volgende woorde nie ook aan ons gerig nie?

"'Kyk, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die Here my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem. Onderhou dit dan en doen dit, want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: "Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk."'" *(Deuteronómium 4:5, 6)*.

Let daarna op dat dit nie die wette was wat hulle "'n wyse en verstandige volk" voor die nasies gemaak het nie, maar hulle gehoorsaamheid aan daardie wette. Daar is ongetwyfeld 'n boodskap vir ons hier. Hierdie, soos ons sal sien, is een van baie boodskappe in die boek van Deuteronómium.

*Clifford R. Goldstein is redakteur van die Bybelstudiegids vir Volwassenes en outeur van "*Baptizing the Devil: Evolution and the Seduction of Christianity*".*